

5 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 19:11-27 (NAV)

Fokusgedeelte: Lukas 19:13, Matteus 25:14,15

Vervul jou roeping, want jy hét 'n roeping!

Van elke mens verwag God sekere dinge – nie alle dinge of dieselfde dinge van alle mense nie. Daar is gemeenskaplike dinge wat vir alle mense geld, soos geloof, gebed, bekering en gehoorsaamheid.

“Vervul jou roeping, want jy hét 'n roeping!” Met dié woorde word bedoel: Jy het eie talente en geleenthede, tyd en vermoëns ontvang om jou roeping gehoorsaam te vervul.

Die Here Jesus het 'n gelykenis vertel van 'n man wat op reis gegaan het en sy diensknegte geroep het (*roeping*). Hy het aan elkeen talente gegee, aan die een vyf, aan die ander een twee en aan die ander een één. Die merkwaardige is dat die volgende woorde bygevoeg word (Matt 25:15): “Hy het aan elkeen volgens sy bekwaamheid gegee ...” Toe die dag van verantwoording kom, moes daar gekyk word of elkeen na vermoë gehandel en geprester het. Van almal is nie verwag om dieselfde prestasie te lewer nie. Almal kan nie wenners of voorsitters wees nie. Daar kan nie generaals wees as daar nie ook korporaals en manskappe is nie.

Roeping beteken dat elkeen sy taak sal uitvoer en presteer volgens die vermoë en geleenthede wat hy van die Roeper ontvang het. Ons is nie in die lewe om passasiers of paviljoensitters te wees en te kyk hoe ander die spel speel nie. Die een-talenter het “gedog” sy “meneer” is 'n harde man en toe maar liever niks gedoen nie. Die moraal van die verhaal is: Wees getrou met die gawes en geleenthede, die tyd en die vermoëns wat God aan jou gee. Kom op die speelveld! Wees deel van die doenspan! Blom waar jy geplant is! Vervul jou roeping, want jy hét 'n roeping!

Sing: Psalm 40:4 Dr PW Bingle (Kaapstad)